

Vrydag 5 Julie

Skrifgedeelte: Johannes 4:1-26

Fokusgedeelte: Johannes 4:14b

'n Gewone lewe kan verander in 'n opspringende fontein

Jy besef dat jy iets nodig het wat jou weer 'n dinamiese Christen kan maak. Toe Jesus daardie dag by die fontein van Jakob gaan sit het, was Hy een van vele wat deur die eeue daar kom water skep het. Die water het nie skielik wonderwater geword nie, maar dit waarmee Hy leë kruike kan volmaak, kan seëninge in lewens laat opborrel. Die genade en redding wat Hy gee, verander jou lewe en verkwik jou met nuwe krag.

Die Samaritaanse vroujie by die fontein het in haar gesprek met Hom agtergekom 'n lewe sonder Hom is gewoon, alledaags, maar met Hom in jou lewe kom daar geesdrif en hoop. Ons kan alles in ons huis hê, naamlik gemak, gerief en rykdom, maar as Jesus Christus nie ook by ons fontein kom sit nie, is alles gewoon. Wanneer twee mense/gesin in eenvoud en nederigheid met hulle kinders diep afhanklik van God leef, met die Here aan tafel, in hulle binnekamer, met hulle kinders op skool, dan is hulle lewe 'n jubelende fontein.

Sing: Skrifberyming 8-1:1

Dagstukkies Almanak 2006